

30 September

Skrifgedeelte: Markus 14:32-42

Fokusgedeelte: Markus 14:36

Nogtans nie my wil nie, maar u wil

Ons Nagmaalsformulier verwoord Christus se Getsemané-("oliepers")-worsteling met dié woorde: *Hy het in alle gehoorsaamheid an die Goddelike wet die geregtigheid vir ons volbring ... veral toe die las van ons sonde en van die toorn van God hom bloedsweet in Getsamené ontpers het.* Jesus het geweet dat die bittere kruisdood op Hom wag. Dit was die beker van lyde wat Hy tot die laaste droessem moes ledig ... in ons plek.

Maar Hy was mens, in álles aan ons gelyk (uitgesonder die sonde): benoudheid, vrees, angs, pyn ... Hy roep sy hemelse Vader aan as *Abba, Vader* (my Pappa) in sy grootste sielenood. So het die Gees in Christus tot sy Vader geroep (Gal. 4:6). Hy smee dat as dit moontlik is (Matt. 26:39) – en by God is alle dinge moontlik (Mark. 14:36) – hierdie lydensbeker by Hom moet verbygaan. Hy het vooruit geweet dat hierdie lydensbeker totale Godverlatenheid sou inhou. Hy sou immers aan die kruis uitroep: *My God, my God, waarom het U my verlaat?* (Mark. 15:34). Hy het *gebed en smeking met sterk geroep en trane* (Heb. 5:7) aan sy hemelse Vader geoffer en sy *sweet het geword soos bloeddruppels* (Luk. 22:44). Die lydensbeker – simbool van toorn op ons sonde – is aan Hom gegee en so het Hy ons met sy seën vervul. Hy is deur God verlaat sodat ons nooit meer deur Hom verlaat sou word nie. En Christus het gebid: *Laat nie my wil nie, maar u wil geskied.* Gehoorsaam tot die dood ... vir ons.

En as die drinkbeker van lyde in u hand geplaas word – siekte, pyn, hartseer, eensaamheid – weet dan: die angel is deur Christus uit u lyde weggeneem. Ons word nie gestraf nie. Christus het die volle straf gedra. Die Here gee krag om ons aardse lyde te deurstaan. Paulus het ook gebid dat die lydensbeker van die doring in die vlees by hom verby moes gaan. Maar God het gesê: *My genade is genoeg.* Nie ontslag nie, maar krag, genadekrag. Mag ons steeds bly bid: *Laat u wil geskied.*

Sing: Psalm 23:2 (Totius)

Ds. NJ van der Walt (Brits)